# RESENSIES/REVIEWS

## HANS AUSLOOS EN BENEDICTE LEMMELIJN

## DE BIJBEL: EEN (G)OUDE(N) GIDS
## BIJBELSE ANTWOORDEN OP MENSLIJKE VRAGEN

2005. Leuven (België): Uitgeverij Acco

Die outeurs van die boek is Ou-Testamentici verbonde aan die Fakulteit Godgeleerdheid, afdeling Bijbelwetenschap aan die Katholieke Universiteit te Leuven in België. Die boek is die neerslag van lesings wat hulle aanbied as deel van 'n kursus in "Religie, zingeving en levensbeschouwing" aan die fakulteit Lettere en ook die Fakulteit Psychologie en Pedagogiese Wetenskappe.

Die titel van die boek val 'n mens op. Daar is 'n duidelike en interessante sinspeling op "oud" en "goud". Die Bybel is dus beide "oud" maar tegelykertyd ook "goud" in die antwoorde op menslike vrae. Voeg hierby dat dit wat ons in Suid-Afrika ken as die "Geelbladsy"-telefoongids waarin haas alles nageslaan kan word, in België bekend is as die "gouden gids". Die Bybel funksioneer dus as 'n gids in die aanbied van antwoorde op lewensvrae. Die vraag ontstaan of die subtitel "Bijbelse antwoorden op menslijke vragen" nie eerder aangedui moet word as Ou-Testamentiese antwoorde op menslike vrae nie aangesien daar spesifiek gefokus word op antwoorde wat die Ou Testament bied op bepaalde vrae wat aan die orde gestel word.

Die boek word in drie afdelings verdeel. Die eerste afdeling plaas die Bybel in die milieu van die tyd en daar word aangetoon hoedat die Bybel as gevolg van 'n verskeidenheid van faktore 'n vreemde boek is. Afdeling twee bied dan 'n respons op die Bybel as vreemde boek. Twee moontlikhede word onder die loep geneem. Daar is die moontlikheid om die Bybel fundamentalisties te hanteer. 'n Beknopte beskrywing van wat 'n fundamentalistiese Skrifhantering behels, word gegee en daarmee ook die onhoudbaarheid van so 'n manier van omgang met die Bybel. Die tweede moontlikheid is om die Bybel te hanteer met volledige inagneming van die historiese bedding en die literêre kenmerke van tekste om dan by teologiese resultate uit te kom. Die derde deel van die boek behandel dan die menslike vrae van die skepping, die verwerkliking van 'n menslike samelewing aan die hand van die dekaloog, sosiale geregtigheid aan die hand van tekste uit die boek Levitikus, die probleem van geweld, lyding (Job) en liefde (Hooglied).

Dit is 'n waardevolle boek wat die moeite werd is om te lees en te bestudeer. Die boek tree in gesprek met postmoderne mense van die 21ste eeu en gee op 'n bevatlike en geloofwaardige manier 'n oorsig oor die aard van die Bybel as 'n (ou) boek met die problematiek van 'n eietydse verstaan (wat ook goud bevat). Op 'n bevatlike wyse word die onhoudbaarheid van 'n fundamentalistiese verstaan van die Bybel aan die lig gebring terwyl die onontbeerlikheid van 'n historiese en literêre sensitiwiteit by die lees van die Bybel ook oortuigend aangetoon word. Daarby word die insig wat die Ou Testament bied op kritiese lewensvrae soos die skepping, die temas wat die dekaloog aansny, die sensitiewe kwessie van sosiale geregtigheid en grondbesit, geweld, die probleem van lyding en die immergroen vraag na die liefde tussen mense ook behandel.

Die boek is in Nederlands geskryf wat dit ongelukkig ontoeganklik maak vir heelwat potensiële lesers. Dit sou 'n groot wins wees as die boek in Engels vertaal kan word en so 'n veel groter leserskring kan bereik.

Prof. S.D. Snyman,
Hoof: Departement Ou Testament,
Fakulteit Teologie,
Universiteit van die Vrystaat,
Bloemfontein.